

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PUIT OPSIE			
	2018/10/22	2018/10/19		2018/10/15					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	WIM	YM	
DIA-index	25444	64.89	0.3%	25379	0.4%	25340	JUL '19 TERMYNPRYS R 2 548.00	R 2 515.00	
Goud (Spot)	1227.6	0.35	0.0%	1227.25	0.5%	1221.94	PUT TREFFPRYS R 2 540.00	R 2 520.00	
Brent \$/vat	79.53	0.81	1.0%	78.72	1.7%	80.94	PUT PREMIE R 234.53	R 214.00	
1 € / US\$	1.1534	0.01	0.6%	1.1467	0.2%	1.1554	MIN SAFEX PRYS R 2 305.47	R 2 306.00	
1 US\$ / ZAR	14.36	-0.020	-0.1%	14.38	1.0%	14.51			
Corn	R 2 074.74	-23	-1.1%	R 2 098.01			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day		
Wheat	R 2 715.23	5	0.2%	R 2 710.56			*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day		
Soybeans	R 4 519.76	-42	-0.9%	R 4 561.99			*CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Dec 18	367.00	-3.60	-1.0%	370.60	Pariteitspryse gelewer in	25	WM	YM	TM
Wheat Dec 18	514.60	1.60	0.3%	513.00	Randfontein. Koring DBN invoer	WEEK TOTAAL	4 419	25 570	29 989
Soybeans Nov 18	856.60	-6.80	-0.8%	863.40	pariteit ip uitvoer pariteit	JTD TOTAAL	169 837	1 263 099	1 432 936
PLAASLIKE MARKINLIGTING						UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
SORGHUM Mar '19	3600.00	0.00	0.0%	3600.00	Invoerpariteit	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	11%	51%	36%
WMAZ Spot	2380.00	6.00	0.3%	2374.00	Uitvoerpariteit	TEMPO/WEEK BENODIG	51 117	44 144	95 262
WMAZ Dec 18	2407.00	6.00	0.2%	2401.00		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 19	2548.00	9.00	0.4%	2539.00		WEEK TOTAAL	18 335	14 728	33 063
YMAZ Spot	2392.00	-3.00	-0.1%	2395.00		JTD TOTAAL	6 112 134	5 373 598	11 485 732
YMAZ Dec 18	2433.00	3.00	0.1%	2430.00		NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210
YMAZ Jul 19	2515.00	3.00	0.1%	2512.00		% GELEWER VAN OES	93%	93%	93%
SOY spot	4635.00	25.00	0.5%	4610.00		TEMPO /WEEK BENODIG	25 759	21 371	47 130
SOY May 19	4862.00	12.00	0.2%	4850.00		KORING INVOERE			
SUN Spot 18	5035.00	41.00	0.8%	4994.00		2018/19	2017/18	5 Jr. GEM	
SUN May 19	5041.00	0.00	0.0%	5041.00		WEEK TOTAAL	12 557	84 743	76 239
WHEAT spot 18	4377.00	12.00	0.3%	4365.00		JTD TOTAAL	17 133	119 509	94 170
WHEAT Dec 18	4462.00	8.00	0.2%	4454.00		TOTAAL BENODIG	1 400 000	2 176 546	1 727 637
WHEAT Mar 19	4590.00	17.00	0.4%	4573.00		JTD AS % VAN BENODIG	1%	5%	5%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.36 teenoor die dollar. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is die grootste in die Suidelike Afrika Doane Unie (SACU); dit is dus onvermydelik dat ons buurlande nie deur die Suid-Afrikaanse wisselkoers geraak sal word nie, aangesien hul geldeenhede aan die rand gekoppel is, Lesotho, Namibië en Eswatini. Die rand is tans die swakste vernaamste geldeenheid teenoor die dollar, terwyl hierdie drie lande tesame met Botswana inkomste verdien uit 'n doeanedelingspoel wat op Suid-Afrikaanse handel geskoei is. Hierdie situasie het dit moeilik gemaak vir hierdie ekonomieë om trae aktiwiteite deur middel van 'n losser monetêre beleid te stimuleer omdat hulle hul tariewe in lyn moet hou. Suid-Afrika se nasionale tesourie het sy beramings vir betalings wat aan SACU, hierdie fiskale jaar en volgende jaar, gemaak moet word verlaag. Daar is 'n negatiewe risiko vir hierdie beramings omdat die ekonomie nie soveel groei soos oorspronklik voorspel was nie. In die strewe om meer beleggers in die ekonomie te vind, is een van Ramaphosa se drie gesante, wat verantwoordelik is om \$ 100 miljard na die land te lok, vol vertroue dat daar groot geleenthede in die mynbou-, energie-, water-, vervaardigings- en landbouwerkbiedrywe is. Brent-ru-olie verhandel vanoggend teen \$ 79.53 per vat.

Mielies: Amerikaanse mieliepryse het Vrydag met meer tegniese verkope gestyg, met 'n daling van meer as 1% vir termynkontrakte gedurende die sessie. Oekraïne se 2018 mielie-oes het 'n totale produksie van 17,3 miljoen ton behaal, met die oesstroopproses (op 9 Oktober) teen 56% voltooi. Frankryk het op 15 Oktober 81% van hul mielie-stroopproses voltooi, vanaf 65% die vorige week en 47% dieselfde tyd die week voor dit. Die Argentynse vervoerunie het aangedui dat daar hierdie week 'n staking kan wees weens lae vervoertariewe. Dit kan 'n agterstand veroorsaak, aangesien meer as 80% van die land se graan per vragmotor na nasionale hawens vervoer word. **Plaaslik:** Plaaslike mieliepryse het die dag relatief hoër gesluit, met Desember-witmielies wat teen R2420 verhandel en 'n laagtepunt van R2400 gedurende Vrydag se sessie.

Sojabone: Sien die Weeklikse Oliesade Markkomentaar

Koring: VSA koringpryse het op Vrydagn ná drie dae van agtereenvolgende laagtepunte, beskeie winste behaal. Oekraïne het verlede week die 2018 stroopproses afgehandel, met 'n totale produksie van 25,1 miljoen ton; wintergraankoring aanplanting-vordering het 93% bereik met 389 221 ton winterkoring. Die USDA het beraam dat Australië se 2018/19 koring voort sal gaan om te sukkel weens warm, droë weer, met 'n totale produksie van 17,9 miljoen ton. Frankryk se 2018/19 koring oes is 32% aangeplant vanaf 15 Oktober, in vergelyking met 15% verlede week.

Plaaslik: Plaaslike koringpryse het ook Vrydag gestyg, met Desember-koringkontrakte teen 'n laagtepunt van R4456 en 'n hoogtepunt van 4476 en afgesluit teen R4462, net onder die sessie hoogtepunt.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Danke aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

